



Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

NUUSBRIEF 28

8 Mei 2018

Geagte broer en suster in die Here

Dit is weer tyd om u in te lig oor die vordering met *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*.

VORDERING

Statisties gesproke is die vordering tans soos volg:

	OT	DK	NT	Bybel as geheel
Fase 1:	100%	100%	100%	100%
Fase 2:	100%	100%	100%	100%
Fase 3:	8,2%	100%	100%	39,8%

Gedurende November 2017 is daar weer 'n kort vergadering van die Redaksionele Komitee Deuterokanonieke boeke in **Fase 3b** ("beseringstyd") gehou om aan enkele sake aandag te gee. Nou is ook die **Deuterokanonieke boeke** afgehandel in **Fase 3**.

Vanjaar is daar reeds twee vergaderings van die **Redaksionele Komitee Ou Testament (3RKOT)** in **Fase 3** gehou. Daar is eers weer aandag gegee aan 'n hele aantal sake wat noodgedwonge moes ontstaan. Dit is egter belangrike werk wat in wese reeds **Fase 4**-werk behels (konsekwenheid van die vertaling in verskillende boeke). Daarna is ook begin om die kommentaar van kerklike lesers op **Psalms, Daniël** en die **Klein Profete** te oorweeg, asook kommentaar van lede van die RKOT self. Sommige van die boeke is jare gelede deur die RKOT in Fase 2 geredigeer en intussen het die RK self meer konsekwent probeer optree.

Daar is vanjaar nog twee sessies van ses dae elk vir die **3RKOT** geskeduleer (Julie en Oktober 2018) waarin ons werklik alles in werking sal stel om die kommentaar op die hele Ou Testament af te handel. Daar word voorlopig vir nog 'n sessie van ses dae gedurende Januarie 2019 beplan.

In die vorige **Nuusbrief 27** is reeds genoem dat alles moontlik gedoen moet word sodat die BDV teen die einde van 2020 gepubliseer kan word. Dit beteken dat die **Begeleidingskomitee** (as beleidskomitee) reeds gedurende **Mei 2019** die vertaling finaal sal moet goedkeur, sodat die verdere prosesse by die Bybelgenootskap daarna 'n aanvang kan neem. Ons vertrou dat dit alles wel haalbaar sal wees.

Die reaksie op die meningsopname in *Die Saaier* oor die gebruik van **Leenwoorde** in die BDV, sal ook tydens die volgende vergadering van die **Begeleidingskomitee** op 23 Oktober 2018 bespreek word, waarna 'n finale besluit in hierdie verband geneem sal word.

goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

Die *Werkkomitee: Hoofletters in die Ou Testament* het gedurende Januarie 2018 weer vergader, en sal ook gedurende Oktober 2018 weer vergader om aan die laaste gedeeltes van die Ou Testament wat tans nog by kerklike lesers sirkuleer, aandag te gee. Vir hierdie komitee word ook 'n laaste vergadering gedurende April 2019 in die vooruitsig gestel, indien dit in Oktober 2018 nodig blyk te wees.


Dit is met leedwese dat ons u moet meedeel dat mev. Mariana Venter, een van ons gewaardeerde medewerkers aan die BDV en eggenote van prof. Cassie Venter, op 5 Maart 2018 oorlede is ná 'n dapper stryd teen kanker. Die troosdiens was op Vrydag 9 Maart 2018 vanuit die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos om 11:00. Ons dink met baie groot waardering terug aan haar lewe en haar besondere bydrae as Afrikaanse taalkundige tot 'n hele paar vertaalspanne van die BDV. Ons harte gaan uit na haar gesin en dierbares, asook almal wie se lewens deur haar lewe geraak en verryk is, en ons bid hulle die kragtige vertroosting van die Heilige Gees toe.

Graag doen ons weer 'n beroep op u om *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* op alle moontlike wyses onder u kerklike publiek se aandag te bring. Dit is merkwaardig om steeds kerkmense raak te loop wat beweer dat hulle nog nie van die projek gehoor het nie, ten spyte van al die bemerking en publisiteit deur die Bybelgenootskap in die loop van jare. Die Bybelgenootskap sal voortgaan om in die jare voor die verskyning van die BDV op verskillende wyses die BDV bekend te stel.

Graag wil ons weer namens die projek ons opregte dank betuig teenoor die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap, ds. Dirk Gevers; die Hoof van Kommunikasie, mev. Mims Turley; die Hoof van Vertaling, dr. Masenyani Baloyi saam met mev. Norinda van der Westhuysen (Administratiewe Beampte), Nicolene van der Walt (Administratiewe Assistent) en Marietjie Marais (Projekbeampte), asook mnr. Jaco Gunter (*Paratext* steun). Verder betuig ons ook graag ons dank teenoor alle kollegas in die vertaalspanne, maar veral in hierdie fase van die proses, die lede van die Redaksionele Komitees en die Begeleidingskomitee.

Boweal gaan ons dank en erkentlikheid aan die Here vir die genade om met hierdie taak vertrou te word, sy seën en leiding aan ons, en aan u almal vir u volhardende voorbidding, waarsonder die taak nie voltooi kan word nie.

Vriendelike groete



Bernard Combrink

Projekleier

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling